

Sondag 11 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 5:8-15

Fokusgedeelte: Hosea 5:15

Skuldbelydenis in gebed

Die Here beveel om alarm te maak: Israel gaan verwoes word. Dit het reeds begin met Juda en Benjamin wat opportunisties hulle broers aanval. Dit roep ook die Here se oordeel oor hulle op (:10).

Die proses kom al 'n tyd: God was vir Efraim soos 'n gewas, vir Juda soos beentering. Oordeel kom soms as 'n geleidelike verval van dit wat die samelewing aanmekaar hou. Die verval in die samelewing en huwelikslewe (4:2-3) is die voorloper en reeds werklike deel van die Here se oordeel (Rom. 1:24). Oë moet oop wees vir hierdie kanker.

Israel (Efraim) het besef dat daar 'n drastiese fout is. Hulle het probeer regmaak, maar die verkeerde oplossing gesoek: hulp by Assirië. 'n Sweer kan nie met 'n pleister wat bo-oor geplak word, genees word nie. Geen magsuitoefening of –vertoon kan die sweer van morele en geestelike vervlakking en verval genees en die siek gemeenskap uit die oordeel van God red nie. Die Here trek Hom terug (:15) en keer nie die verval nie, sodat die ge-meenskap homself verteer.

Wanneer die samelewing so verval, is die laaste antwoord ook nie om in groot byeenkomste te bid dat God ons las verlig en ons help nie. Die mens maak so maklik van God die een wat ons moet dien. Die antwoord is gebede waarin skuld bely word, ere-dienste waar die wil van God weer geleer word (:15), terugkeer na die Verbondsboek met die verbondsvoorskrifte.

Jesus Christus het die Wet vir ons kom vervul, nie laat verval nie. Daarmee het Hy die grond vir ons versoening geword. Nader in Hom tot God met ware inkeer en bekering. Hy is die Geneesheer wat vir die siekes gekom het. In sy trou sal God nie een wat na Hom toe kom, verwerp nie (Joh. 6:37). Ter wille van Hom trek God Hom net terug tot hierdie in-keer kom.

Wees soos die boom langs die waterstrome, een wat die Woord van die Here dag en nag oordink. Sê vir die Here: U is my toevlug en my veilige vesting, my God op Wie ek ver-trou.

Sing: Psalm 1-1:1, 4; 91-1:1, 5; Skrifberyming 15-1

Ds. Jan Malan (Burgersdorp)